

BOSKAMP: INNIKLOOF



Die boskamp het plaasgevind by InniKloof vanaf 10 tot 12 Februarie 2017.




Donderdag vertrek ons opgewonde na inniKloof by Hankey waar die eerste Boskamp vir die jaar gaan plaasvind. Ons en Willie en Jackie Conradie word hartlik verwelkom deur die eienaars, John en Catherina Wait en Boogles ons waghond en gids vir die naweek. Die tente word staangemaak voordat daar heelik in die swemgat geswem word.

Die aand word daar 'n heerlike vuurtjie aangesteek en Boogles maak homself ook by ons tuis.

Vrydagoggend vroeg verken ons 'n bietjie die res van inniKloof. Daar word weer 'n swemsessie ingewerk voordat die res van die boskammers by ons aansluit na 'n harde dag se werk.

Gou-gou word weer tent opgeslaan voordat ons 'n lekker groot vuur aansteek vir die saambraai. Willie deel sy kennis omtrent 'n artikel wat hy in 'n boek wat hy by 'n dokter se spreekkamer "gekry" het met ons en daar word lekker gelag en gekuier om die "bonfire".

Saterdag is dit lekker warm en daar word weer lekker in die swemgat afgekoel. Selfs Rautie wat nie eers in 'n swembad swem nie, was driekeer in die swemgat.





Daar word waatlemoen geeet waarna ons so bietjie "rolbal" gespeel het. Later word daar weer rondom 'n heerlike groot vuur gekuier.

Sondag het daar so 'n sagte reentjie geval voordat almal maar traag opgepak het om weer huistoe te gaan. Die was heerlik om die ses gesinne wat saam gekamp het beter te leer ken. Wat 'n heerlike naweek.



Baie dankie aan almal wat dit so lekker gemaak het.
Johan en Sandra Fourie

